# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA* *Jaargang 33, No 1* *November 2015*

## Senior burger Tee, 03 November 2015 - Foto Beeld

Die senior burgers kuier gesellig saam by Shelanti















## Lees binne . . .


Senior Burger tee foto's 1
Oordenking 2
Voorsitter sê 3
Redakteur sê 3
Saamtrekke 2015/2016 4
Lekker Kampnuus 5 & 8
Fotoalbum 6 & 7
Senior Burgers 8
Veldkos 9
Verjaardae, lief, leed 10
Voogdelys 11

# Oordenking



## Christus in jou arms geplaas

**. . . Het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys . . .**
**Luk. 2 : 28**

Met Kersfees verrig God sy grootste genadedaad deur die Kind van sy liefde - die Offerlam tot versoening van ons sonde - in ons arms te plaas. Daarmee lê Hy sy liefde, sy bloed, sy hart in ons arms - 'n skat kosbaarder as al die versamelde skate op die aarde. Alles wat vir ons saligheid nodig is, lê Hy in ons arms. Hoe oorweldigend is God se Kersdaad nie!

Dit plaas ons egter onder 'n dure verpligting. Óns moet ook 'n Kersdaad verrig. Die Kind moenie net in die tempel ingebring word nie; Hy moet in ons arms geneem en omarm word. Hy moet in ons harte opgeneem word.

Kersfees het 'n Goddelike en 'n menslike sy. Dit is enersyds die fees van God se koms en hiervan vertel die evangelie ons, maar Kersfees is ook die koms van die mens. Soos Kersfees jubel oor die groot dade van God, jubel dit óók oor die groot dade van mense. Josef en Maria, die skaapwagters en wyse manne verrig elkeen sy eie geloofsdaad. Die gryse Simeon ook: hy neem die Kindjie in sy arms. Dit moet ek en jy ook doen indien ons wil hê dat hierdie feesdag vir ons ware sin en betekenis moet hê.

Liefde kan nie net van één kant kom nie. God bring sy kind na ons toe - die Kind van sy liefde - en plaas hom op ons arms. Nou is dit ons plig om daardie Kindjie te omhels tot die ewige lewe. God gee, maar ons moet neem. Ons durf die Kind Jesus nie uit ons arms laat gaan nie, want God het Hom deur ons doop en Christelike opvoeding in ons arms en in ons hart geplaas. Ons moet Hom deur 'n persoonlike toeëiening in ons lewe opneem. Dán is dit waarlik Kersfees.

**Van dag tot dag deur God - Solly Ozrovech**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*

SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2014-2015

**Voorsitter:** Willie Bronkhorst (082 802 6959) willie.bronkhorst@vodamail.co.za

**Ondervoorsitter:** André Baker (083 409 3709) andrebaker31@gmail.com

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Johan Burger (082 923 5614) johan.burger@telkomsa.net

**Addisionele lid:** Dewald van Biljon (083 709 9936) dewaldvbilj@gmail.com

**Addisionele lid:** Marnet Steenkamp (076 197 4430) marnet@wistec.co.za

**Senior burgers:** Frieda Burger (082 894 7852) frieda.burger@vodamail.co.za

**Redakteur:** Elma Bronkhorst (082 469 3559) elma.bronkhorst1956@gmail.com

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

**Die Voorsitter sê:**

# ’n Nuwe Tydvak

### Willie Bronkhorst



’n Nuwe Sawa jaar met nuwe - en dieselfde uitdagings.

Ek begin deur te sê dankie vir die vertroue in my gestel om my as Voorsitter van die streek te nomineer. Ek wil ook dankie sê aan elkeen van die ander bestuurslede dat hulle bereid is om op bestuur te dien. Ons as bestuur gaan ons uiterste bes doen om die streek te lei en na nuwe hoogtepunte te aan te moedig. Die bestuur is uiters afhanklik van elke lid se samewerking en ondersteuning om sukses te bereik. Ek doen dus ’n beroep op elkeen van Streek Kiepersol se lede om die bestuur te ondersteun.

Ek gee graag terugvoer uit die Kongres.

1. Die President, Nico Spaumer sê in sy openingsrede dat Sawanante word selektief as dit by bywoning van saamtrekke kom en selfs die huidige elektrisiteitskrisis in ons land het 'n invloed op Sawa.

2. Jannie Meyer, Sawa Voorsitter, het 'n beroep op die kongresgangers gedoen tydens sy verslag om 'n positiewe bydrae te maak om Sawa sterk te maak van binne om so meer die uitdagings van buite te trotseer.

3. Die volgende persone is as President en Dagbestuur verkies:



President – Nico Spaumer (middel voor)
Voorsitter – Jannie Meyer (regs voor)
Ondervoorsitter – André Knoetze (links voor)
Sekretaris – André Swanepoel (links agter)
Penningmeester – Vossie Vosloo (regs agter)
Skakelbeampte – Brian van Niekerk (middel agter)

3. Ledegelde vanaf 01 Desember 2015 beloop soos volg:

- Lede > 60 jaar – R 320/jaar & R 310/jaar indien per debietorder betaal word
- Lede < 60 jaar – R 330/jaar & R 320/jaar indien per debietorder betaal word
- Aansluitingsfooi beloop R 120.00.

Terugvoer uit Gebiedsvergadering:
1. Gebied Jakaranda sal optree as kampkommandante tydens die Kongres wat weer by Klipdraai aangebied word.

2. Fanie Marx het in samewerking met WegSleep ’n Sleep Akademie aangebied by ATKV Buffelspoort tydens die naweek van 23 tot 25 Oktober 2015.

3. Daar word weer ’n 100+ saamtrek aangebied tydens die naweek van 08 tot 10 April 2016.

Die volgende uitdagings / bedreigings sal bestuur moet word om te verseker dat Sawa sy oogmerk / doel om lekker te kamp te bereik:

- Oord tariewe
- Afstande na kampterreine
- Brandstof pryse—Hieraan kan ons nie veel doen nie.

Ek doen ’n beroep op elke Kiepersoller om te poog om ten minste twee keer hierdie komende jaar te kom saam kamp, onthou dit was die primêre rede hoekom u aangesluit het.

Ek en Elma wens u elkeen ’n baie geseënde Kersfees en voorspoedige 2016 toe. Reis veilig en geniet die vakansietyd.

SAWA Groete,
Willie.

---

**Die Redakteur sê:**

# Kersfeestyd.

### Elma Bronkhorst



Die jaar 2015 is aan die einde en dit is al weer amper Kersfees.

Ek wil net vir almal baie geluk sê met die toekennings by die AJV en ook by die Kongres.

Ek is jammer dat hierdie Kampkrummels so ’n bietjie laat is. My ma het by my gebly terwyl my pa in die hospitaal was voor sy afsterwe. Ek het saam my sussie en my ma Bethal toe gegaan om die begrafnis reëlings te tref.

Ek wil vir almal Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toewens.

Die wat op vakansie gaan moet veilig sleep en lekker uitrus.

# Saamtrek datums

## Saamtrekke vir 2015.

| Datum | Saamtrek | Tipe | Tarief | Senior Burger |
|---|---|---|---|---|
| 28 - 30 November | Liracia | Streek | R 320.00 | |

## Saamtrekke vir 2016.

| Datum | Saamtrek | Tipe | Tarief | Senior Burger |
|---|---|---|---|---|
| 29 - 31 Januarie | Klein Paradys - Nylstroom | Streek | | |
| 05 - 07 Februarie | Oop NUB - | Algemeen | | |
| 19 - 21 Februarie | Drie Berge | Streek | | |
| 22 - 24 Maart | Klipdraai | Algemeen | | Ja |
| 24 - 28 Maart | Klipdraai - Presidente | Algemeen | | |
| 08 -10 April | 100+ - Kaia Manzi | Algemeen | | |
| 22 -24 April | Hartbeespoort | Streek | | |
| 20 -22 Mei | Dube | Streek | | |
| 07 - 16 Junie | Weesgerus | Algemeen | | Ja |
| 17 - 19 Junie | Gebiedsaamtrek - Weesgerus | Streek | | |
| 22 - 24 Julie | Manyane | Streek | | |
| 12 - 14 Augustus | San Cha Len | Streek | | |
| 21 - 23 September | | Algemeen | | Ja |
| 23 - 25 September | Nasionaal - | Algemeen | | |
| 14 - 16 Oktober | | Kongres | | |
| 21 - 23 Oktober | Marula | Streek | | |
| 18 - 20November | Liracia | Streek | | |

# Jaarprogram 2016

Kiepersollers,

Die 2016 Jaarprogram gaan hierdie jaar elektronies aan lede versprei word per e-pos. Indien u nie oor e-pos fasiliteite beskik nie moet u asseblief vir Juliana Knoetze by die Sawa kantoor skakel (011 918 0699 ) om te reël dat dit aan u gepos kan word.

# Lekker Kampnuus



## Onverwags AJV 21 - 23 Augustus 2015

**Willie Bronkhorst**

Dewald en Helmien van Biljon is die laaste van die Kiepersollers om by die kamp op te daag nadat hulle ’n draai by Brits Woonwaens moes maak om ’n sleutel vir hul woonwa te koop. Frieda Burger neem vir ons die boekevat waar en toe word daar heerlik om die vure gekuier terwyl die vleis gebraai word en heerlik aan die verskillende bykos en braaivleis gesmul word. Dit word weer bewys, ’n kamp is nie kamp as dit nie met ’n braai afgeskop word nie.

Saterdagoggend ontwaak ons met groot teleurstelling en skok wanneer ons agterkom dat al Martiens en Bets Joubert se klere en van hulle ander goed deur die nag gesteel is. Baie mismoedig en teleurgesteld moes hulle toe oppak en in hul slaap klere die pad huis toe aanpak.

Om 09:00 die oggend is almal wat die vergadering bywoon op hulle plek in die saal. Chris en Ansie Delport woon ook die vergadering by. Andre Baker, die Voorsitter lei die vergadering nadat Oom Jerome die vergadering met Skriflesing en gebed geopen het. Na afloop van die vergadering word daar heerlik gekuier oor ’n koppie koffie en lekker eetgoedjies. Saterdag word afgesluit met ’n heerlike boere ete van gekookte kos en nagereg, waarna ons kyk hoe die Bulle die WP wen.

Die naweek word afgesluit met die erediens wat op die TV uitgesaai word en ’n groot “brunch” van gebakte eiers, spek en nog wat.

So kom nog ’n aangename kampnaweek saam met spesiale vriende tot ’n einde.





## Nasionale saamtrek - Koppisol 23 - 27 September 2015

**Willie & Elma Bronkhorst**

Woensdagoggend, 23 September 2015 vertrek Jannie & Ina van den Berg, Martiens & Bets Joubert asook Frieda Burger vanaf die Shell Ultra City na Koppisol naby Vereeniging om die senior burger saamtrek en Nasionale saamtrek by te woon. Later die middag sluit Riaan & Marnet Steenkamp asook Seef & Susan Delport by hulle aan.

Donderdag, 24 September 2015 sluit ook Willie & Elma Bronkhorst asook Wouter & Susra, hul dogters en Ouma by die Kiepersollers wat die naweek kamp aan.

Ons kuier Vrydag heerlik saam met ander Sawanante en die dag word afgesluit met ’n heerlike saam braai en kuier.

Die tema vir Saterdagaand se funksie is “S”. Ina en Elma het vooraf die onderwerp “Smarties” gekies. Elke persoon het ’n wit T-hemp gekry waarop kolle geverf is van verskillende kleure wat die “Smarties” voorgestel het wat uit die kartonnetjie uitgegooi word. Ons kuier heerlik saam, eet potjie kos en van ons het selfs ’n draai of wat oor die dansvloer gegooi.

Na die erediens en weereens ’n heerlike “Brunch” begin die die oppak en terugtog huis toe. Wat ’n belewenis is, en bly Sawa saamtrekke nie. Dankie, aan almal wat saam gekamp het.

Riaan en Susan verf die Kiepersol banier.





# Foto Album - Onverwags - AJV



Oom Jerome open die vergadering



Ina Lees die kennisgewing van die vergadering



André lewer sy verslag aan die vergadering



Chris Delport—Gebiedsvoorsitter aan die woord



Lede tydens die vergadering teenwoordig



Fanie & Marie Marx
Gebied-Ere Hoër Graad & Streek Meriete



Jerome & Anna Henning
Streek-Ere & Streek Meriete



Frank & Hettie Smth
Streek-Ere Hoër Graad



Johann & Alet Lemmer
Streek Meriete



Dewald & Helmien van Biljon
Streek Meriete



Charlie & Ronelle King
Streek Meriete



André & Magriet Baker
Gebied Meriete & Streek Meriete, 100 Streeksaamtrekke



Seef & Susan Delport
100% Bywoning



Jannie & Ina vd Berg
Streek Meriete & 100% Bywoning



Willie & Elma Bronkhorst
Gebied - & Streek Meriete, 120 Streek - & 250 Algemeen



Frieda Burger
Streek Meriete & 160 Streekssamtrekke



Elma Bronkhorst
Streek Meriete



Rigard Lemmer
Streek-Ere & Streek Meriete



Pierre & Jo de Villiers
100 Streeksaamtrekke





Kiepersol lede sit aan vir aandete

# Foto Album - Nasionale Saamtrek - Koppisol


Kiepersol "Smarties" by ons tafel


Wouter, Susra, Ouma & die dogters


Versierings op die tafel


Wouter & Susra op die Dansvloer


1. Seef & Susan


2. Riaan & Marnet


3. Jannie & Ina


4. Seef & Frieda

# Foto Album - 4x4 Saamtrek - Marula / Thaba Monaté





1. Pit Stop 2. Die Jeep sleep die Ford uit die modder 3. Hein se Path Finder grou dat dit bars 4. Middagete in voorbereiding

# Foto Album - Kongres 2016 - Buffelspoort


Bywoon van vergadering


Bywoon van Dinee


Pieter & Johanna van Biljon
Nasionale Meriete


Elma Bronkhorst
Beste Nuusbrief (Eervolle Vermaelding)


Willy & Lenie Lubbinge
Ere Lidmaatskap


Willie Bronkhorst
Ere Presidents Toekenning

# 4 x 4 - Marula/Thaba Monate 02 - 04 Oktober 2015

**Willie & Elma Bronkhorst**

Teen 18:00 Vrydag middag, 2 Oktober is al 10 die woonwaens wat bespreek het op hul staanplek en so te sê klaar opgeslaan. Na boekevat word die vuur aangesteek, gebraai en gekuier. Johann en Alet Lemmer kamp ook by Marula en hulle sluit by ons aan. Ons is ook bly om vir Chris en Ansie Delport saam met ons by die saamtrek te kan ontvang.

Saterdagoggend na die boekevat vertrek die groep van 7 voertuie na Thaba Monaté om die 4x4 roete te gaan aandurf. Nadat die administrasie by die ontvangs afgehandel is ry Willem de Jongh voor en volg die res van die voertuie hom deur kronkels, slote en oor klippe. By die Italian dam sit Hanu aspris vas sodat Charl hom met die Jeep kan uittrek. Ons ry verder en nadat almal 'n paar draaie in die sandgat stof opgeskop het, ry ons tot by die piekniekplek waar ons 'n worsie braai en heerlik ontspan.

Na die ruskans ry ons die roete wat ons terug neem na die beginpunt. Ons ry terug na Marula waar omtrent almal gaan afkoel of is dit nou afspoel in die swembad na die 4x4 rit. So tussen die braai en broodbak gaan kyk iemand kort, kort na die telling om te sien of die Springbokke dit gaan maak. Teen 22:00 word daar kooi toe gestaan aangesien die dag se aktiwiteite sy tol geëis het.

Sondagoggend word daar boekevat gehou en die naweek se verrigtinge word met 'n heerlike middagete in die restaurant afgesluit.

Dankie weereens vir 'n aangename naweek van lekker kamp en kuier.



## Seniors



**Frieda Burger**

Met die saamtrek by Marula Oase het die senior burgers agter gebly toe die werkendes Sondag huis toe is.

Dit maak net die naweek bietjie langer vir nog kuier en saam wees. Kiepersol senior burgers is 'n gesellige groep en kuier graag saam soos weer vanoggend by Shelanti.

Ses gesinne het na die naweek by Marula agter gebly en nie eers die reën van Maandagaand kon die kuier kort knip nie.

By Shelanti was ons uiteindelik 28 siele en kon ek met tye nie die mense oorkant die tafel hoor nie. Lede wat nie meer saamtrekke kan bywoon soos Tannie Lettie en Martie het net so lekker met ou vriende saam gekuier en lekker saam geëet.

Daar is min dinge wat so lekker is soos "die onthou jy nog" stories. Tog jammer dat ons met hartseer maar ook met liefde aan ons ou vriende terug dink.

Maar so 'n kuier kan dalk net maak dat meer van die seniors dalk weer 'n saamtrek sal bywoon veral as daar 'n ekstra nag kan bykom. Om op 'n Sondag te moet oppak is minder lekker en ek self verkies om eers Maandag terug te kom. Ons sal verseker weer probeer om 'n naweek te rek!

Daar was 'n versoek dat ons so 'n tee drinkery meer dikwels moet doen. Hoe voel julle daaroor? Laat my weet en sê ook waar. Miskien die melkplaas of Randjiesfontein of selfs die nuwe Kookaburra in Lytteltonweg.

Groete tot volgende keer.



# Veldkos

## Kaneel souskluitjie

**Stroop:**

2½ k water
1¼ k suiker
1 t kaneel of gemmer } Kook saam.

**Deeg:**
1½ k meel
knippie sout
Smelt ½ k botter en ½ k appelkoos-konfyt saam.
Sodra gesmelt roer 2 t koeksoda in.
Maak die meel met die mengsel aan.

Sodra die stroop kook – sit lepels vol in. (Soos souskluitjies)
Kook vir 10 min op lae hitte. Moenie die deksel oplig nie.

As jy dink die beslag is te styf kan jy dit slapper maak met 'n bietjie melk. As die deeg stywer is dan kom die nagereg lekkerder.



ALMA haarsalon

Skakel om 'n afspraak te maak
072 949 6293
(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

MARÈ
Naeltegnikus
Pedicures & Manicures

Skakel om 'n afspraak te maak
084 407 7398
(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die Pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

## September

2 - Jannus van den Berg
3 - Dora Adendorff
3 - Riaan Steenkamp
4 - Hennak Visser
4 - Andre Rall
4 - Eldine Lemmer
5 - Paul Kruger
10 - Martie van der Merwe
11 - Johan Luus
12 - Hettie Smith
12 - Marina van den Berg
16 - Marco Michau
18 - Pat Whelan
19 - Fanie Marx Jr.
22 - Martie Maritz
28 - Marie de Swardt

## Oktober

2 - Rigardt Lemmer
5 - Stef Maritz
8 - RM Lombard
9 - Mieke Michau
10 - Mandi Visser
14 - Annemarie Olivier
15 - André Baker
17 - Johann Lemmer
20 - Frieda Burger
25 - Rina Rall
25 - Madelein van den Berg
28 - Louis van den Berg

## November

12 - Rolène Whelan
17 - Wouter van Biljon
21 - Hannie Ferreira
25 - JJ Joubert

## Desember

2 - Tail Pieterse
12 - Johanna van Biljon
12 - Manie Brits
12 - Anna Henning
20 - Mike du Preez
20 - Andries Claassens
20 - Willem Nordejé
21 - Quinton Prinsloo
22 - Martiens de Swardt
25 - Chris Joubert
26 - Elma Bronkhorst
27 - Alet Lemmer
30 - Hennie Ferreira

## Januarie

6 - Marie Marx
7 - Leonard Lemmer
13 - Bea Groenewald
16 - Stean van den Berg
16 - Chris Adendorff
17 - Johan van Huyssteen
18 - Wanda Blignaut
19 - Bennie Oosthuizen
28 - Celeste Botha
27 - Helena Oosthuizen
29 - Willem Pretorius

# Lief en Leed



## Lief

Frieda Burger sterk mooi aan na knievervanging operasie.

Ronelle King sterk baie goed aan na haar operasie.

Martiens en Bets Joubert se seun is terug by die huis nadat hy baie siek in ICU met septisemie.

Johann en Alet Lemmer het 'n nuwe woonwa.

## Leed

Maria Nordejé se ma is oorlede.

Lenie Lubbinge het weer gaan vir nog 'n oog operasie.

Mike du Preez het 'n knievervanging gehad.

Jan Hartzer se vrou Petro is oorlede.

Willie Bronkhorst se suster is oorlede.

Elma Bronkhorst se pa is oorlede.

---

**Aan SAWA Kiepersol Bestuur en in besonder aan Frieda.**

Baie dankie vir 'n heerlike Senior Burger Tee wat gehou is op die 3de November by Shelanti teetuin. Dit was sommer 'n heerlike gesellige kuier saam met al die "ou" SAWA vriende wat ons nie meer so gereeld sien nie.

Vir al die reëlings wat die hele oggend so spesiaal vir ons gemaak het baie dankie ons waardeer dit wat julle vir ons gedoen het en sê dankie dat julle ons nie vergeet het nie.

SAWA groete,
Tannie Lettie Leach

---

## Dankie

Baie dankie vir die SMS'e, WhatsApp's wat gestuur is en aan die wat gebel het met die afsterwe van Willie se suster ook my pa.

Willie & Elma Bronkhorst

# Voogdelys

**Willie Bronkhorst**
S 082 802 6959 willie.bronkhorst@vodamail.co.za

Chris Ardenhoff, Willem Nordejé, Johan van Huyssteen, Poen Venter, Jan Venter, Hennak Visser, Bertus Voges, Melvyn Wessels, Pat Whelan.

**André Baker**
H 012 654 6127 S 083 409 3709 andrebaker31@gmail.com

Con Arnold, Wanda Blignaut, Thys Botha, Theuns Botha, Manie Brits, Andries Claassens, Pierre de la Harpe, Martiens de Swardt.

**Johan Burger**
S 082 923 5614 johan.burger@telkomsa.net

Rigard Lemmer, Guillaume Jordaan, Chris Joubert, Charlie King, Paul Kruger, Lettie Leach, Leonard Lemmer, Johann Lemmer.

**Ina van den Berg**
H 012 661 9501 S 081 270 8267 jannie.ina@gmail.com

Martiens Joubert, Thea Lewis, Hennie Lombard, Willie Lubbinge, Johan Luus, Stef Maritz, Fanie Marx Jnr, Fanie Marx.

.

**Dewald van Biljon**
H 012 661 6015 S 083 709 9936 dewaldvbilj@gmail.com

Piere de Villiers, Seef Delport, Mike du Preez, Hennie Ferreira, Andre Groenewald, Pieter Hanekom, Jan Hartzer, Jerome Henning.

**Marnet Steenkamp**
S 076 197 4430 marnet@wistec.co.za

Frank Smith, Pieter van Biljon, Wouter van Biljon, Louis van den Berg, Martie van der Merwe, Whitey van Heerden, Poen Venter

**Frieda Burger**
H 012 654 3453 S 082 894 7852 frieda.burger@vodamail.co.za

Willie Olivier, Bennie Oosthuizen, Alma Pieterse, Willem Pretorius, Quintin Prinsloo, Gert Rall, Andre Rall.

CAMPWORLD **Loftus Caravan City**

**SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!**






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uitstalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS · Gypsey Distinctly different · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · JURGENS SAFARI · HOWLING MOON · VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**